



Vak: Graad 9 Sosiale Wetenskappe (Geografie)

Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geografie): Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 115 Punte

1. hoë | Swede | minder as 0,48 | 0,699

8 punte

Verduideliking:

Volgens die kaart het Rusland 'n MOI van tussen 0,77 en 0,82. Die inligting aan die onderkant van die artikel wys dat Swede 'n MOI telling van 0,933 het, wat hoër is as die kategorie waarin Rusland val.

Die DRK is 'n groot land in die middel van Afrika wat in die laagste kategorie van MOI tellings (minder as 0,48) val. Suid-Afrika is een van die meer ontwikkelde Afrika-lande, met 'n MOI telling van 0,699.

2. omgewing

3 punte

Verduideliking:

Gesondheid en opvoeding is albei maatskaplike ontwikkelingsaanwysers en Bruto Nasionale Produk is 'n ekonomiese ontwikkelingsaanwyser. **Omgewing** ontwikkelingsaanwysers word nie by die MOI ingesluit nie. Daarom is omgewingsbewustes krities van die MOI.

3. Ierland

3 punte

Verduideliking:

Ierland is 'n eiland in die Noord-Atlantiese Oseaan. Dit is naby Groot Brittanje. Die hoofstad is Dublin.

4. gesondheid en welsyn | welsyn en gesondheid

3 punte

Verduideliking:

Die **gesondheid en welsyn** van 'n land bepaal of die bevolking hard sal kan werk, 'n opvoeding verkry en ontwikkelingsprojekte implementeer om die land voorentoe te laat beweeg. As daar so min gekwalifiseerde dokters in 'n land is beteken dit dat baie mense sonder gesondheidsorg lewe.

5. meer as | minder as

4 punte

Verduideliking:

Ontwikkelende lande soos Ethiopië het dikwels 'n hoë geboortekoers wat oorbevolking veroorsaak. Die lewensverwagting is egter nie so hoog soos in ontwikkelde lande nie. Dit is gewoonlik as gevolg van faktore soos 'n gebrek aan gesondheidsorg, wanvoeding, natuurrampe en armoede.



6. B: 'n koppie

4 punte

Verduideliking:

As die kontoerlyne eweredig gespaseerd is, met dieselfde afstand tussen die lyne, is die helling geleidelik.

7. C: 10

4 punte

Verduideliking:

'n Kerk word met die letter 'K' op 'n topografiese kaart aangedui. As jy al die "K's" tel wat op hulle eie staan op die kaart, sal jy sien dat daar tien is.

8. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Bean There Coffee Company is 'n Regverdige Handel-onderneming. Hulle was die eerste koffieroosteraar van gesertifiseerde Regverdige Handel-koffie in Suid-Afrika.

9. gelyke | regverdige | werk | volhoubare

8 punte

Verduideliking:

Regverdige Handel is 'n voorbeeld van gelyke handel. Daar is geen uitbuiting nie en daar is 'n gelyke en regverdige vennootskap tussen die produsent en die koper. Mense word op 'n regverdige manier behandel en die produk word op 'n volhoubare manier geproduseer.

10. A

3 punte

Verduideliking:

Gebied A het 'n hoër digtheid, aangesien die geboue dig teenmekaar gebou is en ook in hierdie geval kleiner. Dit beteken dat daar meer geboue en huise teenwoordig is in vergelyking met gebied B.

11. C: ontspanningsgebied

4 punte

Verduideliking:

Gebied C is 'n ontspanningsgebied, aangesien dit 'n sportstadion is. Dit grens aan twee residensiële areas (A en B), asook 'n parkeerplek vir mense wat die stadion besoek en 'n plantegroei aan die regterkant.

12. B: Afvalstowwe word in riviere gepomp.

4 punte

Verduideliking:

Industrialisering kan die ontwikkeling van 'n land help, maar dit is dikwels baie skadelik vir die omgewing. Dit kan ekstra geld kos om afvalprodukte reg te hanteer. Hierdie afvalprodukte kan in verskillende vorme voorkom, van kweekhuiskasse tot radioaktiewe afval. Ondernemings kies dikwels 'n kortpad om afval in 'n rivierstelsel te pomp en sodoende 'n waterbron, vir mense wat stroomaf woon, besoedel.

13. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Klimaat speel definitief 'n rol in ongelyke ontwikkeling rondom die wêreld. Die armste lande in die wêreld is in die trope, om die ewenaar, geleë. Die klimaat in hierdie gebiede is warm, reënval is swak, die grond is minder vrugbaar en daar is baie siektes wat voorkom.

14. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die land is relatief plat. Daar is 'n rivier wat hierdeur vloei met geleidelike wisseling in grondhoogtes. Daarom is die stelling onwaar. Die dam is wel tussen twee hoofpaaie geleë.

15. 1623 | 1623m | 1623 meter

3 punte

Verduideliking:

Kolhoogtes word gebruik wanneer kontoerlyne nie hoogtewaardes het nie.

Die nommer 1623 kan net onder die skool gesien word.

16. woongebied | rooster | paaie | erwe

8 punte

Verduideliking:

Rooster patrone word dikwels in ouer dorpe of stede gevind. Dit is ook meer algemeen op plat landskappe. Woongebiede word in kleiner erwe verdeel, veral naby stede of dorpe waar grond baie waardevol is. As gevolg hiervan kan ontwikkelaars meer geld maak.

17. D

3 punte

Verduideliking:

D sal perfek wees vir hierdie projek. Daar is genoeg spasie vir ses huise met groot tuine. Die dam sal mooi uitsigte verskaf.

18. Madagaskar | Madagaskar.

3 punte

Verduideliking:

Madagaskar is 'n eiland sowat 400km van die kus van Oos-Afrika. Dit het 'n BBP per capita van 2 000 - 5 000 dollar. Dit het 'n markeconomie en word deur sy landbou, toerisme, tekstiel- en mynbedryf onderhou. Dit ondersteun die ekonomie deur die produksie van rys, kassawe, vanielje en koffie wat uitgevoer word.

19. BBP | N & O

4 punte

Verduideliking:

Bruto Binnelandse Produk (BBP) verwys na die waarde van goedere wat in een jaar in 'n land geproduseer word.

Navorsing en Ontwikkeling (N & O) is 'n belangrike deel van 'n land se nuwigheid.



20. 3 | drie

3 punte

Verduideliking:

Daar is drie skole in hierdie gebied. Hulle word met die letter 'S' verteenwoordig.

Skole kan ook dikwels deur die skool se geboue uitgeken word, want daar is gewoonlik meer as een gebou en 'n ontspanningsterrein kan gewoonlik langs die geboue gevind word. Hierdie ontspanningsterrein verteenwoordig die skoolvelde.

21. E: Al die bogenoemde

4 punte

Verduideliking:

Al die bogenoemde lyne en simbole word gebruik om hoogte aan te dui. Dit kan soms moeilik wees om trig. bakens en maatstawwe op kaarte wat opgeboude gebiede verteenwoordig uit te ken.

22. bergrug

3 punte

Verduideliking:

Die hoër gebiede aan beide kante van 'n laegeleë gebied lyk soos die syfer agt.

23. C: hoofpaaie en hoofverkeersroetes

4 punte

Verduideliking:

Baie van die residensiële areas op Stellenbosch word langs hoofweë en hoofverkeersroetes wat deur die dorp loop gevind. Dit het nie bestaan toe die dorp gestig is nie, maar is mettertyd ontwikkel en verbind Stellenbosch met ander belangrike gebiede soos Somerset-Wes, Paarl en Franschhoek.

Let ook op die ligging van die spoorlyn op die topografiese kaartekstrak van Stellenbosch.

24. C: uitgrawings

4 punte

Verduideliking:

'n Landbougebied sal gewoonlik 'n groot hoeveelheid damme hê, sowel as bewerkte grond, boorde, wingerde en/of rye bome. Daar sal geïsoleerde geboue en plaashuise wees met 'n paar voetpaadjies en spore, asook klein paaie in die omgewing.

25. rivier | plase | boerdery | paaie

8 punte

Verduideliking:

Stellenbosch is oorspronklik gevestig vanweë die aanwesigheid van die rivier wat toegang tot water en die vrugbare grond bied wat perfek was om te boer. Vandag is dit ook 'n roete aansluiting en is dit ook die tuiste van 'n universiteit.



26. volhoubare | volhoubaar

3 punte

Verduideliking:

Gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe word gesien as volhoubare ontwikkeling, want hier is die gemeenskap die drywer van ontwikkeling.

Die drie takke of bene van volhoubare ontwikkeling word aangespreek. Die **sosiale behoeftes** van mense word bevredig, aangesien die ontwikkeling deur die gemeenskap gedryf word. Daar word in die **ekonomiese behoeftes** voorsien omdat groei en ontwikkeling plaasvind. Die **omgewing** word in ag geneem en beskerm omdat dit in die gemeenskap se beste belang is om na die omgewing wat hulle ondersteun om te sien.

27. 0 | nul | nil

3 punte

Verduideliking:

Punt A en punt B is dieselfde hoogte (900m), al is die twee punte aan teenoorgestelde kante van die berg.

28. waar

2 punte

Verduideliking:

Daar is, veral in ontwikkelende lande, reuse verskille in ontwikkeling tussen stedelike en landelike gebiede.

Landelike gebiede is minder geneig om toegang tot skoon water en sanitasie, gesondheids- en opvoedingsfasiliteite te hê. Dit is ook moeiliker om buitelandse hulp in hierdie gebiede te kry.

29. lewensverwagting | geletterdheidsvlakke

4 punte

Verduideliking:

Lewensverwagting verwys na die aantal jaar wat mense verwag word om te lewe. In sommige lande is dit hoër as in ander. Dit word deur verskillende faktore soos dieet, siektes en misdaad beïnvloed. In Suid-Afrika is die lewensverwagting 52,8 jaar.

Geletterdheid verwys na die vermoë om te lees en skryf. Lande met 'n hoër inkomste is geneig om hoër geletterdheidsvlakke te hê.

30. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die kontoerintervalle is **20 meter** op 'n 1:50 000 topografiese kaart.

Totaal: 115 Punte